Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland
PO Box 300 674
Albany
Auckland
Klub tel. (09) 478 2291
E-pos: Die.Afrikaanse.Klub@clear.net.nz
Webblad: www.afrikaans.org.nz

19 Maart 2008

Voorsitter se Jaarverslag – 2007-2008

1. Inleiding

Op 28 Maart 2007 is 'n nuwe Bestuurskomitee (BK) tydens Die Afrikaanse Klub se Algemene Jaarvergadering vir die kalenderjaar 1 April 2007 tot 31 Maart 2008 verkies. Die lede was:-

Voorsitter – Philip Langenhoven
Bestuurskomiteelid – Fritz Swart
Bestuurskomiteelid – Schalk Bruwer
Bestuurskomiteelid – Andries van den Berg
Bemarking & Skakelwerk – Philip Langenhoven
Administrateur – Thys Oosthuizen (Betaalde amptenaar)

Soos verlede jaar was ons vanjaar 'n klein bestuurskern en dit het ons toegelaat om sake per e-pos, telefoon en enkele vergaderings te oorweeg en besluite te neem.

Die BK het soos verlede jaar besluit om slegs 'n sekere aantal kern-aktiwiteite aan te bied (bv. die Klubdanse), maar dit is uitgebreid aangebied. Soos altyd het die BK ook geleenthede benut om die Afrikaanssprekende se beeld en profiel in Nieu-Seeland te verbeter en hoog te hou.

Hoewel die Klub steeds drie fokusareas het, naamlik die (Suider)-Afrikaanse gesin, die kunste en uitreiking na die groter gemeenskap, het die 'kunste' nie vanjaar veel aandag gekry nie, soos later in die verslag verduidelik word.

2. Administrasie

Die BK wil dit weer onomwonde stel dat die Klub se betaalde Administrateur, Thys Oosthuizen, 'n onontbeerlike rol vervul. Soos die afgelope jare telkens bewys is, verrig Thys 'n noodsaaklike rol. 'n Wye verskeidenheid pligte word in die een pos saamgevat en die uiteinde is 'n administrasie wat absoluut noukeurig uitgevoer word en op datum is. Hy word vir 15 ure per week betaal.

Thys was weer vir die volgende aspekte van die Klub se werk verantwoordelik:-

- Lede-administrasie
- Elektroniese kommunikasie (korrespondensie met en raadgewing aan navraers)
- Samestelling van die Klub se weeklikse e-nuusbrief 'Brokkies' se advertensies
- Finansiële administrasie (advertensie-inkomste, ledegeld en inkomste van Klubprojekte)
- Sekretariële dienste

Samestelling van Brokkies behels bv. korrespondensie met adverteerders, beheer oor krediteure, samestelling van elke week se 'Brokkies-raamwerk, uitstuur van finale Brokkies nadat die voltooide produk van die Redakteur ontvang is, ens. Verder behels die finansiële werk dinge soos die oopmaak van pos, betaal van rekeninge, administrasie van Klublede se lidmaatskapfooie, opstel van finansiële state vir Bestuurskomitee-vergaderings, notulehouding vir BK-vergaderings, ens. Hy doen ook lede-administrasie, bv. aansluitings, hernuwings, ens. 'n Nuwe rekenaar met skerm is in 2007 vir die Administrateur se werk aangekoop

Die Redakteur van Brokkies is weer verantwoordelik om Brokkies se Nuus en Klubnuus te skryf, nadat die Administrateur die raamwerk van advertensies vir die week aan hom deurgestuur het.

3. Klubprojekte

Sekere Klubprojekte is aangepak, met inbegrip van die Klub se gesinsfokus, kultuurtaak en die behoefte dat projekte bydra tot die verbetering van die Suid-Afrikaner se algemene beeld:-

3.1 Klubdanse

Die Klub het in 2007 sy gebruiklike 4 danse (sokkiejolle) aangebied: Die **HerfsDans** in April, die **WinterDans** in Julie, die **LenteDans** in Oktober en die **OujaarsDans** op 31 Desember.

Bykans 450 mense woon elke dans by. Jerry en Benita Loretz verskaf tans elke dans se musiek en daar word voortdurend gepoog om die verskillende ouderdomsgroepe by die danse te akkommodeer. Die hooffokus bly altyd op ‘n oorwig van Suid-Afrikaanse en Afrikaanse musiek.

Sedert die Klub begin het om einde verlede jaar die eerste keer die duurder, maar baie groter East Coast Bays Leisure Centre in Browns Bay, North Shore City vir danse te gebruik, het Fritz Swart van die BK ‘n wonderlike taak verrig. Hy het die verantwoordelikheid vir die organisering van die Klubdanse op hom geneem, en met die ondersteuning van sy gesin, asook ander BK-lede soos Andries van den Berg en Schalk Bruwer en hul familie en gesinne, is berge versit.

Soos dikwels tydens die OujaarsDans gebeur, is verskeie BK-lede gewoonlik met hul jaarlikse vakansie en moet een of twee BK-gesinne die grootste dans van die jaar aanbied. Fritz Swart en sy gesin het feitlik alleen die OujaarsDans aangebied. Hy het ook verder waarde toegevoeg deur spesiale pryse vir dansers beskikbaar te hê en versnaperinge vir dansendes te reël en voor te sit.

Een inisiatief wat in 2007 deurlopend toegepas is, was om kaartjies te beperk en met behulp van deeglike vooraf-promosie voor die dans te verkoop. Geen voorsiening word meer gemaak om kaartjies by die deur te verkoop nie, en die kaartjies verkoop gereeld voor die tyd uit.

Nog ‘n inisiatief was die instelling van ‘n permanente, generiese plakkaat wat vir elke dans aangepas kan word, en wat in die verskillende afsetpunte vertoon word. Ons sê hiermee graag baie dankie aan die verskillende takke van die South African Shop van Jaco Bosman en Fred’s Fine Foods van oom Fred Peens, vir die eindelose verkoop van die kaartjies by hul winkels.

3.2 Afrikaanse boeke in Auckland-biblioteek

Verlede jaar is gerapporteer dat die BK die Afrikaanse Boekeprojek gefinaliseer het en dat die uitgebreide stel boeke in die East Coast Bays Library in Browns Bay op die rak is. Die beskikbaarheid daarvan is deur die jaar gepromoveer, en daar word tans gewerk aan ‘n permanente promosie op die Klub se webblad.

3.3 KiwiKasie toe nooit aangebied nie

Sedert 2001 bied Die Klub sy jaarlikse KiwiKasie aan, waartydens ‘n Afrikaanse sanger vanuit Suid-Afrika na Nieu-Seeland gebring word vir ‘n hoofkonsert in Auckland en ‘n landswye toer wat so veel as moontlik ander dorpe en strede insluit.

Vroeg al het die Klub die inisiatief geneem om die Afrikaanse Klub van Australië by KiwiKasie te betrek, om oorhoofse kostes te verdeel. Ongelukkig het omstandighede buite ons beheer tydens hierdie Klubjaar daartoe gelei dat die Klub vir die eerste keer nie ‘n KiwiKasie kon aanbied nie.

Hoewel ons vir bykans ‘n jaar lank met verskeie sangers onderhandel het, het iets telkens op ‘n kritieke oomblik veroorsaak dat die knoop nie deurgehak kon word nie. Ons het met verskeie bekende Afrikaanse sangers onderhandel, en toe besluit om vir ‘n verandering ‘n storieverteller vir KiwiKasie hierheen te bring.

So het onderhandelinge met die bekende oom Patrick Mynhartd van ‘Boy van Bethulie’-faam begin. Hy het aanvanklik vir November 2007 aanvaar, maar het later ‘n versoek gerig dat ons sy Kiwi-toer tot Maart 2008 uitstel, omdat hy die groot geleentheid van ‘n 10-dae lange

optreeprogram in Londen se West End te beurt geval het. Die BK het hom die geleentheid gegun en die versoek toegestaan, maar kort daarna het ons die tragiese nuus ontvang dat oom Patrick daar in Londen oorlede is. Indien die aanvanklike plan uitgewerk het, sou hy in dieselfde tyd in Nieu-Seeland gewees het.

4. Uitreikwerk

4.1 Ondersteuning van Wicus van der Merwe-konsert

Die Klub het gedurende Julie 2007 'n reeks van drie konserte deur Wicus van der Merwe met deurlopende en deeglike bemarking in Brokkies ondersteun. Dit is gratis gedoen, al was die konserte deur 'n privaat-organiseerder vir sy eie besigheidsbelang gereël.

4.2 Toespraak by Hoani Waititi Marae

Die Voorsitter het op uitnodiging van Whakakotahi Trust (kyk 4.3) op 30 September 2007 namens Die Afrikaanse Klub 'n powhiri (Māori-verwelkoming) bygewoon. Dit is gehou vir 'n groot groep sokkerspelers vanuit Suid-Afrika en Australië wat in Nieu-Seeland aan 'n sokkertoernooi deelgeneem het. Al drie groepe bestaan uit oorwegend bruin spelers wat in hierdie drie lande woon. Die Klub het saam met Whakakotahi Trust die 3 groepe by die powhiri aan die tangata whenua (Māori – 'mense van die land') voorgestel.

Die Klub se voorsitter het sy woord in Māori gedoen, met 'n Engelkse vertaling, nadat hy in Afrikaans gegroet en sy eie (en die Klub se) Afrikaanse wortels en kultuurpassie in Nieu-Seeland verduidelik het. Dit is met baie groot waardering ontvang. Hy en Riedewaan het saam 'Al lê die berge nog so blou' gesing.

4.3 Ondersteuning: 'Whakakotahi / One People Trust'

Die Klub het Whakakotahi / One People Trust se 'Rainbow La Cabaret'-konsert op 3 Oktober 2007 ondersteun. Riedewaan Waggie staan aan die stuur van die Trust en hulle is goeie vriende van Die Afrikaanse Klub. Emo Adams was die gaskunstenaar uit Suid-Afrika en verskeie plaaslike groepe het ook opgetree. Die doel met die aanbieding was om verdere fondse in te samel vir die trust se beplande musiekblyspel, RACOON, waaroor baie in Brokkies (die Klub se weeklikse e-pos nuusbrief) berig is. Die Klub het ook hul vorige fondsinsamelingspogings ondersteun.

4.4 Verwelkoming: 'Buskaid String Ensemble' van Soweto

Op 7 Desember was die Klub betrokke by 'n verwelkomingsfunksie vir hierdie groep jeugdige stryker-musikante uit Soweto. Die betrokkenheid het gekom toe die saak tydens 'n ete saam met hooggeplaaste Nieu-Seelandse en Suid-Afrikaanse amptenare geopper is (kyk par. 8.4). Die Klub het saam met die Rainbow Nation Support Group die taak aangepak en die Klub se Skakelbeampte het die BK op hul werkkomitee verteenwoordig. Daar is besluit op 'n braaivleis vir die groep, met 'n paar items van vermaak wat deur beide groepe aangebied is.

Die Klub het weer die Umoya-sanggroep versoek om namens die Klub op te tree en Afrikaanse en etniese liedjies vanuit SA te sing. Die Klub betaal aan sulke verteenwoordigers 'n honorarium.

Die Klub het 5 jaar gelede ook so 'n onthaal vir die groep gereël, maar het dit toe alleen aangepak. Dit was goed om hierdie keer ondersteuning deur 'n mede-steungroep te kon hê. Baie dankie aan Fritz Swart en Schalk Bruwer vir die hulp met die braaivleis en teenwoordigheid.

4.5 'Authentic Youth Dialogue'

Die Klub het deur middel van Brokkies gereël dat 'n groep van vier Afrikaanssprekendes aan Ethnic Voice NZ se 'Authentic Youth Dialogue' by 'n Māori-marae in Auckland deelneem. Hulle het oor die paar dae as goeie ambassadeurs vir die Suider-Afrikaanse immigrantegroep opgetree en vriende oor kultuurgrense heen gemaak.

4.6 Ondersteuning: 'OPSKOP'-dans van Dewald en Frikkie

Die Klub het Dewald Kritzinger en Frikkie Senekal se Afrikaanse dans, OPSKOP, gedurende Maart 2008 ondersteun. Ons bydrae het intensiewe bemarking van hul dans behels en die aand was 'n baie groot sukses. Dankie aan Dewald vir ons goeie wedersydse verhouding.

4.7 Ondersteuning: 'With a View to the Future'-projek

Sedert 2005 was Die Afrikaanse Klub betrokke by die 'With a View to the Future'-projek. $1,5 miljoen sou oor 'n periode van 5 jaar deur 50 gemeenskapsgroepe ingesamel word vir die bou van 'n koperkoepel in die Auckland Museum. Elke groep se doelwit was $25,000 wat oor 'n periode van 5 jaar ingesamel moes word.

Een van Die Afrikaanse Klub se mede-steungroepe, die South Africa New Zealand Charitable Trust (SANZ) het hulle aanvanklik verbind om $25,000 (oor 'n tydperk van 5 jaar) tot die projek by te dra. SANZ het gevolglik 3 jaar gelede Die Afrikaanse Klub asook die Rainbow Nation Support Group uitgenooi om saam hierdie projek namens alle Suid-Afrikaners in Auckland aan te pak. Ons het in die daaropvolgende jaar 'n gesamentlike werkgroep gestig wat insamelingspogings oor die volgende 2 jaar beplan het en wat individueel en gesamentlik van stapel gestuur is.

Die Afrikaanse Klub het gedurende 2006 van sy winste van KiwiKasie en Klubdanse vir hierdie doel ge-oormerk en ons kon gevolglik ons derde ($8,334) van die SA-teiken van $25,000 vanjaar aan die projek oorhandig. Die insameling duur steeds voort vir die meeste groepe. Elke bydraende organisasie (of groep organisasies soos in ons geval) se naam is op een van die 3 meter-hoë vensters om die nuwe koepel gegraveer. In ons groep se geval is die woorde "South Africans in New Zealand" aangebring. Die projek is aanvaar omdat dit aan SA-immigrante 'n geleentheid gebied het om hul ontluikende geskiedenis in ons aangenome Kiwiland op simboliese, maar tog ook tasbare wyse te dokumenteer.

4.9 Fasilitering van deelnemers vir TV-programme

Die Agenda TV-program het die Klub gedurende Oktober genader vir hulp om 'n aantal mense te vind en beskikbaar te kry vir deelname aan 'n TV-program, ter voorbereiding van een van die Springbokke se wedstryde in die Wêreldbeker.

So het die Klub ook 'n ander TV-stasie bygestaan om 'n groep Suid-Afrikaners te kry wat sosiaal sou vergader om na die Wêreldbeker-eindstryd op televisie te kyk. Die insetsel is op Nieu-Seelandse nuus gebeeldsend.

5 Bemarking

Die Klub se promosiepamflet is in die geheel hersien en nuwe voorraad is gedruk. Dit is by die afsetpunte versprei waar ons ook projekkaartjies verkoop, naamlik die SA Kaffees en Fred's Fine Foods. Baie dankie aan hierdie besighede wat toelaat dat die pamflette op hul toonbanke geplaas word, asook vir die verwysings wat hul werknemers in belang van die Klub doen wanneer nuwelinge in die land daar aankom. 'n Korter Engelse weergawe van die pamflet is ook gedruk, ter wille van duidelikheid by Engelssprekendes oor Die Afrikaanse Klub se rol en doelwitte.

6. Klubdienste

6.1 E-nuusbrief: 'Brokkies'

6.1.1 Brokkies se adreslys het sy jaarlikse groeipatroon voortgesit en het vroeg in 2008 die 2,000-tal vir die aantal gesinne wat ingeteken is, oorskrei. Ons ervaar ook steeds 'n groei in betalende adverteerders. Die BK probeer altyd verseker dat die advertensie-inkomste voldoende is om ten minste die Klub se loonverpligtinge na te kom.

6.1.2 Brokkies dra baie tot die Klub se positiewe beeld by en het tot 'n formidabele kontakmedium vir SA-immigrante in Nieu-Seeland ontwikkel. Al meer mense buite Auckland teken daarop in. Dit het selfs internasionale waarde vir mense wat navorsing oor

emigrasie doen, of net in kontak wil bly met wat hul geliefdes in Nieu-Seeland doen. Ons ervaar ook al meer hoe lesers in Suid-Afrika op Brokkies-inhoud reageer.

6.2 Webblad

6.2.1 Die jaar se webblad-statistiek is weer nagevors danksy 'n gratis moniteringsdiens wat die Webmeester, Mara-Marie Joubert, op die webblad geplaas het. 'n Paar hoogtepunte:

- Totale webbesoeke was 14,549 (2007), 14,141 (2006), 12,330 (2005) en 11,074 (2004)
- Totale bladsye besoek: 46,111 (2007), 46,940 (2006), 40,783 (2005) en 33,921 (2004)

6.2.2 Deur die loop van die jaar het die BK besluit om die Klub se webblad weg te neem by Maxnet as webgasheer, wat in daardie stadium $86 per maand vir hierdie diens gevra het. Daar is met Jaco Swart se 'Easy Websites' onderhandel en omdat hy slegs $15 per maand vra, en boonop 1 GB se spasie saam gee (95% meer as Maxnet), is ons webblad na Easy Websites oorgeplaas. Dit was 'n soomlose oorskakeling en Jaco Swart asook Mara-Marie Joubert, ons webmeester, word bedank vir al hul bystand.

6.2.3 Aan die einde van die 2006-07 jaar was daar 3 roterende advertensies op die webblad, maar dit het sedertdien afgeneem tot een. Daar is intussen 2 nuwe adverteerders gekry, maar hul skakels word nog deur Jaco Swart ontwerp en bygewerk.

6.2.4 Daar word tans gewerk aan 'n omvangryke verandering van die tuisblad en skakelstruktuur.

6.3 Inligting aan voornemende immigrante

Baie voornemende immigrante word gehelp met inligting deur goedgekose skakels op die Klub se webblad, asook deur skakeling met navraers aan die Klub per e-pos. Die Administrateur het gedurende die jaar 'n stelselmatige vermeerdering in die aantal navrae van veral Suid-Afrikaners bemerk, namate al meer mense dit oorweeg om te emigreer.

7. Lidmaatskap

Die Klub se grondwet skryf jaarlikse lidmaatskaphernuwings voor. Dit is belangrik dat mense hulself bewustelik met hul lidmaatskap aan die Klub en sy saak verbind en dit jaarliks hernu. Formele lidmaatskap definieer die Klub se bona fide werkterrein en teikengroep en dit verteenwoordig die primêre regverdiging van waarom so 'n klub bestaan. Lidmaatskap kan egter heelwat ontwikkel word.

Kontantafslag word namens lede by sekere besighede beding, wat verdere waarde tot hul lidmaatskapkaart voeg. Dit word jaarliks van nuuts af aangespreek.

8. Strategiese Verhoudinge

8.1. Multi-Cultural Society

Die Afrikaanse Klub is na jare steeds by hierdie multi-kulturele liggaam van Auckland geaffilieer. Die Bestuurskomitee en hul gades het die Society se jaarlikse Mid-Winter Dinner gedurende Julie 2007 bygewoon en mense van ander kulture ontmoet.

8.2 SANZ

Die Skakelbeampte behou namens die BK 'n goeie verhouding met die **South Africans in New Zealand Charitable Trust (SANZ)** deur sporadies met hul voorsitter, Brian Casey en van hul ander bestuurslede te skakel.

8.3 Rainbow Nation Support Group

Deurlopende kontak en skakeling is met die derde SA-klub in Auckland – die **Rainbow Nation Support Group** - gedoen. Die verhouding met hul bestuur is baie gesond.

8.4 SA Ere-Konsuls in Nieu-Seeland

Kontak is behou met die Suid-Afrikaanse Ere-Konsul in NS, mnr Gregory Fortuin en die SA Ere-Konsul in Auckland, mnr. Jock Irvine. Die Voorsitter het op 8 Oktober, op uitnodiging van mnr. Irvine, 'n middagete in die Auckland Club bygewoon. Die Hoë Kommissaris van Nieu-Seeland in Suid-Afrika, mnr Malcolm McGoun was ook teenwoordig, sowel as verteenwoordigers van SANZ en die Rainbow Nation Support Group.

8.5 **Suid-Afrikaanse Hoë-Kommissariaat** (Canberra)

Verhoudinge met mnr. Anthony Mongalo, Suid-Afrika se Hoë-Kommissaris in Canberra, is gehandhaaf. Die Voorsitter was weer uitgenooi om by geleentheid met mnr Mongalo in die Hyatt Regent-hotel, Auckland te kuier en te gesels oor algemene sake van belang.

9. **Slot**

Ek bedank 2007-2008 se Bestuurskomiteelede, Administrateur en Webmeester vir 'n jaar van goeie spanwerk. Ek bedank ook al ons medewerkers, adverteerders, borge, lede en ander ondersteuners vir hul samewerking. Ek wens elke lid van Klub en elke ander persoon wat met ons 'n belang deel, 'n baie vreugedevolle jaar toe. Ek hoop ons sien mekaar by Klubprojekte!

Ek wil graag ook hiermee erkenning gee aan en dank betuig teenoor ons Almagtige en Drie-enige Skepper-God, by wie ons ons talente en energie ontvang het om dinge te doen.

Philip Langenhoven
Voorsitter (19 Maart 2008)